
# NEO-SPEKTRUM

## SIRKELFLITS 3:2023

**NUUSBRIEF VIR SIRKELVRIENDE**





Ons is verby **die helfte van die jaar** en hierdie weerlig-weke gaan so vinnig verby dat as jy jou oë knip, is nog ’n week en maand verby.

Hierdie jaar se **besonderse verjaarsdag** het by my ’n diep behoefte gelaat om minder te fokus op môre en meer bedag te wees op die hier en nou. Elke dag is ’n geskenk en ek wil dit ten volle benut en opgebruik, vanaand my oë sluit met die wete dat hierdie dag sinvol was, hierdie dag het ’n handvol geskenke in my hart se spens gepak, en hierdie dag het waarde toegevoeg tot my lewe.

Daarom wil ek die geleentheid gebruik om vir almal wat die **laaste dekade** saam met my gereis het, dankie te sê. Dit is met groot waardering dat ek dink aan elkeen wat op een of ander wyse vir my ’n sambreel in die reën was, ’n warm kombers in die winter en ’n skaduwee in die somer.

My hart klop warm oor **’n formidabele groep mense** wat die laaste dekade deel was van ons Leierspan. Met groot dank en waardering aan iemand soos Riaan Neethling wat die grondslag gelê het en met soveel toewyding help skryf het aan ons grondwet en as eerste voorsitter gehelp het om die hoeksteen te lê in ons beplanning en organisering van Neo-Spektrum.

Na hom sou Desmond Smith die leisels oorneem en met groot kundigheid die boot se seile span om met versigtigheid die boot wat skip geword het van hawe tot hawe te stuur. Nou is Annelize Burger ons voorsitter en onder haar leiding is ek opgewonde om saam met haar nuwe horisonne van moontlikhede en potensiaal te bereik.

Met groot dank aan elkeen wat die laaste dekade gehelp dink en besluit het in ons Leierspan. Elkeen wie se moue altyd opgerol is om te help om die ploeg deur die land te kry, te help om te saai, maar bowenal help om die oes in te bring. By name Edward Smuts, ons projekkoördineerder, wat met verbysterende vernuf en toewyding seker maak dat ons ’n plan het, dat die seile heel is, en dat daar genoeg aan boord is om ons reis ’n sukses te maak.

Dankie vir elkeen wat **Sondae deel is van ons Sirkel**. Dankie vir julle vrae en antwoorde, vir jul uitdaag om dieper te dink en meer oopkop te wees vir ander oortuigings. Dankie vir elkeen wat deel is van ons **Boekgroep en Gespreksgroepe** en vir jul aandeel om spiritueel te groei en sodoende beter mens te wees.

Laastens, maar sekerlik die belangrikste, met **groot dank teenoor God** wat dit alles moontlik maak. Die liefdevolle-goedheid waarmee Sy hand ons gebring het waar ons is. Dat ons Sy seëninge elke dag om ons sien, en weet dat met God aan die stuur is die bestemming verseker.

Dit is met groot opgewondenheid dat ek **na die volgende dekade** voor my kyk.

Met dank en waardering

Terblanche

## Goeiemôre Sirkelvriende ons vier vanoggend Terblanche se verjaarsdag

Toe ek 'n paar gedagtes opskryf, besef ek dat ek Terblanche rondom 2010 ontmoet het; ons is dus al 'n 2de dekade van mekaar ken. Gedurende hierdie tydperk het hy baie staaltjies hier in die Kapel oor homself vertel.

Ons het 'n idee begin kry oor sy jeug & studentelewe asook tyd in Europa. Sy ervarings as jong en meer volwasse predikant en sy tydperk by Kruiskerk & Renaissance en natuurlik sedert Sondag 18 September 2011 vanaf die eerste diens van Neo-Spektrum.

Hy het ook vertel dat sy pa hom deur die jare altyd sagkens terreggewys het, maar sy ma het hom minder sagkens terreggewys. Gister op sy Facebook verskyn 'n foto van hom toe hy baie klein was en hy skryf daarby; "die baba is nou welpie en kan op sy eie loop". My troos aan jou is darem dat die eerste 60 jaar van kindwees altyd die moeilikste is.


Edward aan die woord op 16 Julie 2023 - sien langsaan

Daar agter op die tafel is twee bokse met 12 bottels; dus 'n witte en 'n rooie vir elkeen van die 6 dekades om jou 60 jaar te vier. Dit kom uit die binnehart van Neo-Spektrum om dankie te sê vir wat ons as Sirkelvriende hier in die Kapel by jou geleer het en steeds leer.

Ek wil graag vir Father Richard Rohr aanhaal:
*"As many have said in varying ways, we can*
*Firstly: Do old things with the old mind (conservatives)*
*Secondly: Do a new thing with the old mind (liberals) or*
*Thirdly: Do a new thing with a new mind*
*Only the third way deserves to be called authentic religion."*


Dit is wat ek persoonlik hier by NS ontdek het en ek glo ook ander Sirkelvriende het dieselfde ervaar om religieus op 'n nuwe manier te dink en te leef. Ek het al vorige kere gesê jy gee ons woorde om uit te druk wat ons op spirituele vlak ervaar.



Daar is mos nou 'n hele diskoers oor wat Kunsmatige Intelligensie (Artifical Inteligence) vir 'n mens kan doen, maar ek is doodseker ons sal jou nie met KI kan vervang nie *[sien bladsy 4]* .

Ek wil afsluit en namens al die NS Sirkelvriende vir jou net die mooiste toewens: goeie gesondheid, voorspoed en geluk vir die toekoms. *Edward Smuts*

# NS HET OOK NAGMAAL OP 16 JULIE 2023 GEVIER





NA DIE DIENS HET AL DIE SIRKELVRIENDE LANGS DIE SWEMBAD GESELLIG VERKEER EN VERSNAPERINGE, KOFFIE & TEE GENIET OM TERBLANCHE SE VERJAARSDAG TE VIER.

# WAT IS KI?

# WHAT IS AI?




## "boundaries between humanity and divinity…"

Die meeste persone is nog redelik onbekend met **Kunsmatige Intelligensie (KI)**, maar dit is belangrik dat 'n persoon daarvan bewus moet wees. **KI** is besig om op baie terreine waar ons beweeg 'n rol te speel. Dit raak ons by lughawens, hospitale, banke, vermaak, en so kan ek voortgaan.

At the moment **Artificial Intelligence (AI)** is a hot topic world wide and I believe that a person should be informed about what is happening around us. I read in an article in **Die Burger** on 25 July 2023 that the airport company in South Africa (ACSA) is using **AI** widely to enable the airports in SA to function properly. I received an e-mail on 31 July 2023 from Travelstart launching Africa's first **AI Travel Assistant** that can answer all your travel questions.

**AI** is a branch of computer science that focuses on creating systems that can perform tasks that typically require human intelligence. The goal of **AI** is to design and develop algorithms and models that enable machines to exhibit cognitive abilities, learn from experiences, reason, solve problems, and make decisions.

One of these programmes is **Chat GPT** or https://chat.openai.com/ There is a space on the site where one can send a message. Let me use an example. I typed the following message: **What can one do in Sedgefield in the Western Cape?** In less than 3 seconds it gave me an introduction to the topic, 10 activities in Sedgefield and it ends the discussion with a conclusion. Other programmes can create pictures. You request a picture of the Mona Lisa, a rose, an orange and a nightingale. Within a second you have the requested picture as ordered in black & white or colour and according to a specified size.

'n Kollega ontvang onlangs 'n lang pragtige liefdesgedig van haar eggenoot net vir haar in haar naam in Afrikaans en heeltemal relevant tot haar. Sy was baie beïndruk met haar eggenoot om later egter ontnugter te word en uit te vind dat **Chap GPT** dit geskryf het.

**AI** applications are widespread and continue to grow in various fields, including healthcare, finance, transportation, entertainment, and more. As **AI technology** evolves, ethical considerations and ensuring responsible development become increasingly important to address potential challenges and risks. This creates demand for AI professionals (jobs), particularly in natural language processing. AI Tutoring offers an opportunity to shape the future of AI and contribute to cutting-edge technology.

**Die implikasie op die lewe in die algemeen is baie groot.** Byvoorbeeld, 'n onderwyser sal in die toekoms die werkstukke baie versigtig moet bewoord om die leerder te verhoed dat 'n program soos Chat GPT dit skryf. Wanneer 'n beroepspersoon 'n aanbieding moet maak, kan dit baie maklik deur Chat GPT geskryf word.

Gelukkig kan hierdie programme net bestaande bewyse vanuit die verlede, reorganiseer en in 'n nuwe formaat aanbied; gevolglik is daar vaardighede waartoe KI nie in staat is nie.

**These following six skills can not be replicated by AI**

**COMMUNICATION**

1. Undertake non-verbal communication = communicate warm feelings beyond words

**EMPATHY**

2. Show deep empathy = non-verbal communication at the highest level

**MANAGEMENT**

3. Undertake growth management = coaching
4. Employ mind management = interpersonal counseling skills


**CREATIVITY**

5. Perform collective intelligence management = encourage sharing knowledge & wisdom
6. Realize new ideas = propose & implement.

(From the presentation by dr. Izolda Heydenrych, 30 July 2023).

Different faiths are also starting to incorporate **AI**, with robots delivering sermons, offering guidance, and even engaging in prayer. However, concerns arise about the boundaries between humanity and divinity, and whether **AI** could replace conventional religious leaders. Some Christians feel that using **AI** is following the Bible's idea of stewardship, which means using the talents and resources God gave us to look after and make the world better. So, they say that using AI responsibly and ethically is a way to make sure we stick to the rule. (From https://www.communication-generation.com/transhumanism-and-god)

Die konsep van etiese **KI** het reeds wye aanklank in die wêreld gevind, en wetgewing wat daar op gebaseer is, sal toenemend die norm wees. Etiese **KI** moet tot voordeel van die mens ontwikkel en gebruik word, maar dit beteken onder andere dat dit egter nie tot nadeel van individue of die gemeenskap mag wees nie, dat die reg op privaatheid beskerm moet word, en dat die erkenning van beginsels soos deursigtigheid en verantwoordbaarheid moet geld. Dit is beginsels wat in pas is met die Christelike geloof en behoort dus deur gelowiges ondersteun te word. (Uittreksel uit artikel deur Dr. Dirk Brand *Om Kunsmatige Intelligenssie en Godsdiens te versoen.*)



*edward - redakteur* ed56chris@gmail.com



**HOU DIE AAND VAN 11 NOVEMBER 2023 OOP VIR DIE JAARLIKSE SOMERFEES & VEILING BY DURBANVILLE HILLS IN THE TANGRAM RESTAURANT**

## SOSIALE FUNKSIE BY CAFE22
## 30 Julie 2023

Dit was 'n wonderlike gesellige middag waartydens ons ook 'n heerlike driegangmaaltyd geniet het.

Dr. Izolda Heydenrych, 'n sirkelvriend, maar ook 'n kosmetiese dermatoloog, het gepraat oor die onderwerp: *Hoekom Empatie? Waarom het ons dit nodig & hoe om dit te ontwikkel.*

Dit is altyd wonderlik om 'n mens se gewone lewe te onderbreek om jou wêreld meer verstaanbaar, meer krities en meer gunstig te kan beskou. Groot dank aan Izolda vir haar aanbieding. Sien bladsy 5 waar daar 'n kort uittreksel uit haar aanbieding is.

Groot dank gaan aan Lourita Baird wat weereens die besprekings asook die ontvangs by Cafe22 hanteer het.








VERVOLG OP VOLGENDE BLADSY





**Bo: Heel regs sit dr Izolda Heydenrych, die spreker, saam met haar wederhelf, Tabo Stegmann en Sonja Roux druk in gesprek tydens die funksie.**



## ONDER BESPREKING BY DIE BOEKGROEP OP 7 AUGUSTUS 2023 WAS ...

## IS DIE STOÏSYNSE FILOSOFIE NOG VAN NUT VANDAG?

Hier volg 'n verkorte weergawe hoe Johann Greeff die gesprek gelei het:

**Stoïsisme, wat in 300 vC in Athene ontstaan het, is 'n skool van filosofie wat pleit vir standvastigheid en selfbeheersing as aspekte wat lei tot 'n deugsame lewe, geluk en harmonie met natuur.**

Terwyl stoïsyne in die noodlot glo, glo hulle ook dat mense die vryheid het om vrye wil te gebruik om hierdie harmonie te skep. Hulle glo in die gelykheid van alle mense, aangesien ons almal uit die natuur kom. Daarbenewens verklaar stoïsisme dat om eties en deugsaam te wees, ons nie moet probeer om dit wat nie in ons vermoë is, te beheer nie en dat ons ons vrye wil moet gebruik om onsself van afguns, jaloesie en woede te bevry.

Oor die algemeen gaan stoïsisme alles oor deug en word gelei deur matigheid, moed, wysheid en geregtigheid as sy hoofideale. Die Stoïsynse filosofie leer dat om innerlike vrede te bereik, wat 'n aanduiding is van harmonie met die natuur, ons onkunde, boosheid en ongelukkigheid moet vermy.

Dit is belangrik om daarop te let dat, alhoewel alle stoïsyne saamstem oor die kardinale ideale wat hierbo gestel is, hul benaderings verskil, alhoewel minimaal, en dit is hierdie benaderings wat die grootste stoïsyne wat nog ooit bekend was, onderskei. Hieronder is die bekendste stoïsyne en waarvoor hulle bekend is.

Zeno is bekend as die stigtersvader van stoïsisme. Nadat 'n skipbreuk hom van sy goedere beroof het, is Zeno na Athene gelei op soek na 'n beter manier om te lewe. Dit was in Athene dat hy bekendgestel is aan die filosofie van Sokrates en Crates, wat hom albei beïnvloed het om 'n buitelugskool te begin wat talle geleer het om "die goeie lewe te vind" deur in ooreenstemming met deug en natuur te leef.

Die Boekgroeplede was eenstemmig dat **stoïsisme** steeds vandag van toepassing is (volgens redaksie)!

# NEO-SPEKTRUM: 2023

**WYSHEIDSIRKEL VAN NS**
**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

## GESPREKSGROEPE

(terblanche@neospektrum.co.za)

Bespreek tans:

**Consolations - David Whyte**

- Veragder elke tweede week met byeenkomste in die Stad en by Kolping.
- Skakel Terblanche Jordaan vir meer besonderhede.



## BOEKGROEP

(lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader weer om 19:00 op 4 Sep 2023 by Jacquestraat 9, Uitzig, Durbanville. Sien bladsy 5.
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor vir bespreking.
- Verdere programdatums vir 2023:
  - ⇒ 4 September
  - ⇒ **6 November**
  - ⇒ **2 Desember**

### UITVOERENDE KOMITEE

**ANNELIZE VAN DER LINDE**
- WAARNEMENDE VOORSITTER
- FINANSIËLE RAADGEWER

**TERBLANCHE JORDAAN**
- SPIRITUELE LEIER
- ONDERSTEUNING & INSPIRASIE

**LIZE-MARI DU PLESSIS**
- SEKRETARIS & HUIS JABES

**ELSE-HELENE LOUBSER**
- SPORTSAKE

**EDWARD SMUTS**
- TESOURIER & PK

**TRESKA BOTHA**
- DIENSBEURTE & KOLLEKTES

**NICO BOTHA**
- DIENSBEURTE & MES

**THEUNS MOOLMAN**
- SKAKELING: KOLPING
- DIENSBEURTE & KERSE

**JOHAN MULLER**
- DIENSBEURTE & KERSE

### ADDISIONELE LEDE

**JOHAN & LYDIA LE ROUX**
NAGMAAL & BOEKGROEP
**JOHAN STRUWIG**
DIENSBEURTE & MES
**LOURITA BAIRD**
DIENSBEURTE & BESPREKINGS
**ANDRE CILLIERS**
FINANSIËLE ADMINISTRASIE

### VROUEDAG

NS MAAK JAARLIKS OP VROUEDAG SKENKINGS AAN MES VIR ELK VAN 45 WERKLOSE VROUE. HULLE ONTVANG 'N ETEPAKKIE EN VRUGTESAP ASOOK 'N R100 GESKENKBEWYS VAN PEP.




REGS: CLARINA (MES), EDWARD (NS) & ALTA (ALTA'S KITCHEN) MET DIE ETEPAKKETTE DEUR ALTA VOORBEREI.

ONDER LINKS: EDWARD & NICO VAN NS OORHANDIG DIE GESKENKBEWYSE AAN CLARINA (MES).

ONDER & REGS: DIE ETEPAKETTE MET VERSKEIE LEKERNYE











Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com